

Eerste weergawe van my inleiding;
die tweede se slotgedeelte is
anders en is ^{meer} uitgebreid.

4 Junie 1996

AUDREY BIGNAULT

14 pt caps u/s

30pt#

Dit reën rose

18pt#

w/c 30pt

beeld van 'n kindertyd

12 pt w/c.

deur Audrey Blignault

ingelei deur

Hennie Aucamp


11 pt small caps
13 u/s.

AUDREY BIGNAULT

Dit reën rose

beeld van 'n kindertyd

INGELEI DEUR
HENNIE AUCAMP

 Hennis.

TAFELBERG

FORMAT: DEMY 8^{vo}

Set MS in

→ 12/14.5 pt PLANTIN

24 picas wide.

32 lines deep.

Use o.s. figs + folio nos.

PAPER: 11 gm² Hi-Bulk
Plainfield.

Dit reën rose

beeld van 'n kindertyd

deur Audrey Blignault

ingelei deur

Hennie Aucamp

"plattelandse
dorp"

Daar is kwalik 'n beter oefenskool vir die verbeelding as die kombinasie plaas en plattelandse dorp. En eintlik kan ~~plaas~~, maar wegval, want talle plattelandse gehuggies is klaar verheerlikte plase, met weilande, swemkuile en koppies 'n klipgooi van jou blyplek af, om van slote, dongas en populierbosse nie eens te praat nie.

Dit kan 'n interessante statistiek oplewer as nagegaan sou word hoeveel Afrikaanse skrywers hul skoling _ in elke denkbare sin van die woord _ op die platteland ontvang het. Ek bepaal my by twee: N.P. van Wyk Louw en Audrey Blignault.

Van Wyk Louw se Sitterlandse jeug het die Afrikaanse letterkunde verryk en verdiep met onder andere gedigte soos "Duif en perd: beeld van 'n jeug" en "Klipwerk" en 'n pragtige klein essay wat groter bekendheid verdien, naamlik "Kinderfantasie". Is dit Van Wyk Louw wat gesê het dat 'n plattelandse kind vroeg al alles weet wat te weet val omtrent heiligheid en hoere?

Ook al was dit nie hy wat dit gesê het nie, kan ek dié uitspraak uit eie plattelandse ervaring staaf. Die plattelandse kind weet jonk-jonk al van die teenpole Goed en Kwaad: die kerk, die kerkhof en sy tuisopvoeding hou hom bewus hiervan. Maar hy weet ook uit die praktyk dat die afbeelding De Smalle en de Breede Weg die waarheid oorvereenvoudig: Goed en Kwaad lê nie altyd langs mekaar nie; hulle raak soms verwarrend verknoop met mekaar. In Afrikaans is dié gedagte subliem uitgesê deur Van Wyk Louw in sy gedig "Ballade van die Bose" waar die Bose meedoënloos aankondig:

Ek is in jou
gevleg, gerank
soos 'n wortel in
in die donker bank,
.....

Het Van Wyk Louw dalk aan 'n spruitwal in Sutherland of op sy oupa se plaas Gunsfontein gedink toe hy bostaande reëls geskryf het? Ook beelde raak vervleg met herinnering, en beelde en verbeelding is dikwels nie van mekaar te onderskei nie.

Geen skrywer in Afrikaans het egter so konsekwent bly put uit 'n jeugomgewing nie soos Audrey Blignault. Bredasdorp het die sentrum van haar verbeeldings- en verbeelde wêreld gebly, byna tagtig jaar lank; Bredasdorp, en wat óm Bredasdorp lê: plase in die rûens en plase in die duine en bowenal die ouwêreldse strandplek, Waenhuiskrans. Daar sit vir my poësie maar ook sielkundige

4

noodwendigheid in die feit dat Audrey Blignault se heel eerste pennevrug 'n huldeblyk aan Bredasdorp was _ 'n lang gedig in Engels geskryf op ouderdom elf.

Hierdie gedig kom in die sluitstuk van Dit reën rose ter sprake. Die jong Audrey wil haar onderwyseres Miss Huxham verras en lê 'n gedig aan haar voor. Die juffrou laat 'n dag of drie verbygaan sonder kommentaar wat vir Audrey natuurlik 'n groot teleurstelling is, en dan kom die groot sensasie: Miss Huxham het die gedig na die plaaslike koerantjie gestuur wat dit onmiddellik geplaas het. Dié hoofstuk eindig gepas met Miss Huxham se vermanende woord aan die jong debutant: "Audrey, someday if you can work hard enough you may become a writer."

'n Debuut vind natuurlik nie in 'n lugleegte plaas nie. Agter elke debutant rys 'n verlede asook 'n skoling, hoe onbewustelik en informeel laasgenoemde ook mag wees.

Wat Katherine Anne Porter oor die jeug van die skryfster Willa Cather sê, geld ook die kindertyd van Audrey Blignault:

I have not much interest in anyone's personal history after the tenth year, not even my own. Whatever one was going to be was all prepared before that. The rest is merely confirmation, extension, development. Childhood is the fiery furnace in which we are melted down to essentials and that essentials shaped for good.

Watter essensiële skoling lê agter die elfjarige Audrey Blignault, haar vroegste skryfinstinkte tot nut?

Uiteraard is dit onmoontlik om alle fasette van dié skoling te identifiseer, maar enkeles blyk tog duidelik uit Dit reën rose, soos byvoorbeeld 'n opvoeding van die sintuie en 'n opvoeding van wat ek oorkoepelend die "sensitiwiteit" wil noem.

Dis beduidend dat Deep South-skrywers in hul konkreetheid en "primitiwiteit" so nadruklik gewag maak van die sintuie as essensiële toerusting by skryf _ Flannery O'Connor en Eudora Welty, om maar twee skrywers te noem, brei uit op dié saak. In Welty se insiggewende lesings oor die skryfambag later gebundel as One writer's beginnings, is daar byvoorbeeld drie hoofstukke, getiteld "Listening", "Learning to see" en "Finding a voice".

Nou is dit juis Eudora Welty se pas gemelde publikasie wat my telkens by die lees van Dit reën rose te binne geskiet het. Wat ons in Dit reën rose het, sy dit op 'n beskeie skaal, is niks anders nie as 'n verslag van "one writer's beginnings". In die heel eerste

hoofstuk in Dit reën rose, en dwarsdeur dié bundel, is daar byvoorbeeld demonstrasies van hoe 'n ontvanklike kind haarself en haar omgewing deur haar sintuie leer ken.

Audrey Blignault se merkwaardige familielid, dr. Con de Villiers, het die sintuie pront-uit ons ken-middels genoem. In sy beroemde lesing "Die wetenskap en sy taak" betoog hy dat die skrywer en die wetenskaplike eintlik familie van mekaar is, want beide word besiel deur die wonder. En wat hy in die volgende uitspraak van die wetenskaplike sê, kan nét so toegepas word op die skrywer: "... ek neem waar met my sintuie, my perseptors, en ek vertrou dat daardie perseptors reg gepersipieer het, want die arme gespesialiseerde homo sapiens het niks beters nie."

Die opvoeding van die sintuie is aanvanklik 'n natuurlike proses: die natuur dring sy geure en reuke aan ons op, sy geluide, sy kleure en vorms, sy smake. Die piepklein Audrey sien roosblare val, en dié roosblare is vir haar 'n visuele en olfaktoriese avontuur, miskien selfs 'n kinestetiese, want sy sou ook binne-in haarself kon "gevoel" het hoe roosblare val. Dwarsdeur haar loopbaan sou die sintuiglike 'n sterk rol in Audrey Blignault se beskrywings bly speel, soms byna op die opsetlike af, soos in haar essayverhaal "Die ruik van katjiepierings". Dit kan trouens 'n boeiende spel word om verbande te lê tussen "beginpunte" in Dit reën rose en Audrey Blignault se gevestigde essays en verhale oor haar Bredasdorpse kinder- en jeugtyd.

Maar die meelsnoere het ook in ander opsigte in lieflike plekke geval vir Audrey Blignault. Sy het in 'n huishouding grootgeword wat kreatiwiteit aangemoedig het. Opvoedkundiges oordeel byvoorbeeld veel vriendeliker oor Mozart se vader Leopold as talle historici en die dramaturg Peter Shaffer. Leopold het geweet dat iets kosbaars aan sy sorg toevertrou is in die persoon van die geniale jong Mozart en hy het alles in sy vermoë gedoen om 'n klimaat te skep waarbinne Mozart se kreatiwiteit kon gedy. Audrey Blignault se ma het haar Bredasdorpse huis met mooi musiek, mooi woorde en mooi blomme gevul, haar huisgesin tot seën en inspirasie; en Audrey se onderwysers, soos die reeds gemelde Miss Huxham, was almal toegewyde opvoeders. Dit het inderdaad rose gereën in die Swart-huishouding.

En tog kan niks die mens, ook die beskermde kind, teen kennis van die dood vrywaar nie. In die hoofstuk "Valmai raak weg" ontdek ons wat 'n trauma dit vir 'n kind is om 'n jonger sussie te

verloor.

Sensitiwiteitsopleiding het nie 'n intree- en uittreedatum nie. Dit gaan maar aan en aan, soos die seisoene. En so gebeur dit dat 'n kind nog voor haar twaalfde jaar van al die groot teenstellings in die lewe kan weet: teenoor geluk, verdriet; teenoor wellewendheid, twisgierigheid; teenoor lewe, dood. En sy leer haar daaglikse ervarings spontaan inkleur met woorde uit die wêreld van die sintuie: soet, bitter, stil, skril, gedemp, bont.

En sy weet ook dat die roos _ ja, al kry jy 'n roostuin meegegee met jou geboorte _ 'n dubbelsinnige metafoer is. Rose kan soos kluite op 'n klein wit kissie val. Rose kan verstik en vergaan in 'n vaas, soos 'n hart in ballingskap. En al is 'n roos ook hóé mooi, is sy volmaaktheid skyn, leer Eugène Marais ons: "in elke roos 'n dowwe blaar'".

Kaapstad

Februarie 1996